
# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

Hoe leef ek my geloof
in ‘n vyandige wêreld? (2)
Daniël 6


# Votum



Gemeente, ons hulp is in die Naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid, en nooit die werk van sy hande laat vaar nie.
Amen.

# Seëngroet

Genade vir julle en vrede, van God ons Vader, van Jesus Christus, die Leeu van Juda, en van die Heilige Gees wat ons versterk soos Hy Daniël versterk het — in die kuil, in die koninkryk, en in die lewe.



# Lied 199: 1

Loof die Here uit die hemel,

loof Hom deur wie ons bestaan;

loof Hom eng'le, hemelwesens,

loof Hom son en prys Hom maan.

*Kom en loof Hom, kom en prys Hom,*

*kom en loof die Heer se Naam!*

**L 199:2**

**Loof die Here alle volke,**

**loof Hom alles wat bestaan;**

**loof Hom weerlig, sneeu en wolke,**

**loof Hom meer en oseaan.**

***Kom en loof Hom, kom en prys Hom,***

***kom en loof die Heer se Naam!***

L 199:3

Loof Hom konings, alle vorste,

almal wat op aard' regeer;

loof Hom kinders, mans en vroue,


loof Hom almal, buig jul neer.


*Kom en loof Hom, kom en prys Hom,*

*Roem sy Naam, kom loof die Heer!*

# Daniël 6





Verhale
Visioene
1-2:4a
2:4b-6
7
8-12
Aramees
497 - 439vC
Hebreeus
439 – 165vC



DANIËL
1
Druk om
ID op te gee
2
Koning
droom
3
Vuuroond
4
Neb.
trots
5
Bel.
trots
6
Leeukuil
7
Daniël
Droom/visie
8
Daniël
visie 2
9
Daniël
gebed
10-12
Daniël
visie 3
HEBREW
ARAMAIC
HEBREW

Die vuuroond Die leeukuil




1. Inleiding 2. Krisis 3. Uitkoms

# Daniël 6



1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

1. Darius die Mediër het die koningskap oorgeneem toe hy twee en sestig jaar oud was. 2. Hy het besluit om honderd en twintig goewerneurs-generaal aan te stel om oor sy hele koninkryk te regeer. 3. Oor hulle was daar drie ministers, van wie Daniël een was en aan wie die goewerneurs-generaal verantwoordelik was sodat die koning se belange behoorlik behartig kon word. 4. **Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.**

1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

5. **Die ministers en die goewerneurs-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het**, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie. 6. Hulle sê toe vir mekaar: “Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens.”

7. Die ministers en die goewerneurs-generaal **storm toe by die koning in** en sê vir hom: “*Mag die koning baie lank lewe! 8. **Al** u ministers en al die goewerneurs, goewerneurs-generaal, raadgewers en administrateurs het met mekaar ooreengekom dat daar 'n koninklike dekreet uitgevaardig moet word. Die dekreet moet baie streng bepaal dat enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, U Majesteit, in 'n leeukuil gegooi moet word. 9. Stel dan nou so 'n dekreet op en vaardig dit skriftelik uit sodat dit nie verander kan word nie; dit moet onherroeplik wees, 'n wet van Mediërs en Perse.*” 10. Koning Darius het toe so 'n dekreet uitgevaardig.

1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

11. Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en **soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.** 12. **Daniël se vyande het in sy huis ingestorm** en **hom daar gekry waar hy sy God aanbid en Hom om genade smeek.** 13. Toe gaan hulle na die koning toe ... 14. Toe sê hulle vir die koning: *"Maar Daniël, een van die Joodse ballinge, steur hom nie aan u bevel en aan die dekreet wat u uitgevaardig het nie, U Majesteit!* ***Hy bid nog drie maal per dag tot sy God."*** 15. Toe die koning dit hoor, het hy baie sleg gevoel. Hy het 'n plan probeer maak om Daniël te red, en toe die son ondergaan, het hy nog steeds geprobeer. 16. Toe **storm Daniël se vyande weer by die koning in ...**

1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

17. Die koning moes toe die bevel gee, en **Daniël is gebring en in 'n leeukuil gegooi**. Die koning het vir Daniël gesê: *"Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red."* 18. Daar is 'n klip gebring en op die opening van die leeukuil gesit. Die koning het die opening verseël met sy seëlring en met dié van sy hoofamptenare sodat daar niks aan Daniël se lot verander sou kon word nie. 19. Die koning is na sy paleis toe en het 'n **slaaplose nag** deurgebring; hy het niks geëet nie en het niks gedoen om die tyd te probeer verdryf nie.

20. Die volgende môre vroeg toe dit lig word, het hy opgestaan en is hy haastig na die leeukuil toe. 21. Toe hy naby die leeukuil kom, het hy angstig na Daniël geroep en vir hom gevra: *"Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God* ***wat jy met soveel volharding dien****, in staat om jou van die leeus te red*?"

1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

22. Toe antwoord Daniël: “*Mag die koning baie lank lewe!* *23.* ***My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat hulle my niks kon aandoen nie, want Hy het bevind dat ek nie teen Hom oortree het nie. Ook teenoor u het ek niks verkeerds gedoen nie, U Majesteit.”*** 24. Die koning was baie bly en het beveel dat Daniël uit die leeukuil gehaal moes word. Toe Daniël uit die leeukuil gehaal is, was daar geen letsel aan hom nie, omdat hy op sy God vertrou het. 25. Op bevel van die koning is die mense wat vir Daniël verkla het, gebring en in die leeukuil gegooi saam met hulle kinders en hulle vrouens. Hulle het nog nie in die leeukuil grond gevat nie of die leeus was op hulle en het hulle verskeur.

1 – Inleiding: Historiese berig

2-4 – Darius herstruktureer staatsdiens

5-10 – Sameswering teen Daniël

11-19 – Daniël op heterdaad betrap

20-25 – Daniël in die leeukuil

26-28 – Darius se brief

29 - Slot: Historiese berig

26. Koning Darius het toe aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld gewoon het, 'n skrywe gerig:

*“Voorspoed! 27. Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. “Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie. 28. Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered.”*

29. Dit het goed gegaan met Daniël gedurende die regering van Darius en die regering van Kores die Pers.





# Hoe leef ek my geloof in ‘n vyandige wêreld?

# Eerste bedryf:
# Daniël staan uit

- Daniël se houding nie negatief;
- Jer.29:7 ingesteldheid;
- Gebruik sy gawes en talente en leef met integriteit.



# Eerste bedryf:
# Daniël staan uit

- Wat staan uit van Daniël?




# En vandag?

Soveel debatte…

Antwoord eenvoudig:


Staan ons uit?






# <u>Tweede bedryf</u>: Komplot teen Daniël

- In teks is dit duidelik: Professionele jaloesie
- Ook duidelik dat getrouheid in geloof vrywaar nie slegte gevolge nie




# En vandag?

- Ons spring baie gou op die slagoffer perdjie;
- Komplotte lyk dalk anders vandag;
- Geloof vrywaar niemand.



# Derde bedryf: Daniël se lot in leeukuil verseël

- Daniël op heterdaad betrap – wees & doen


Onthou!



# <u>Derde bedryf</u>: Daniël se lot in leeukuil verseël

- Daniël word op heterdaad betrap;
- Sy lot is menslik gesien verseël;
- God hoor en is teenwoordig


Die Almagtige
God hoor & sien
en is teenwoordig

# En vandag



- Sal daar genoeg getuienis teen jou gevind word?
- Ons bevind ons baie in spreekwoordelike leeukuile;
- God hoor en is teenwoordig.




**<u>Slot bedryf</u>:**

**Heidense koning se lewe verander en hý is die profeet in die verhaal**

- **Hoop uit die mond van 'n magtige koning**



*"Ek gee hiermee <u>opdrag</u> dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. 'Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie. 28. Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered'."*




# Slot bedryf:

## Heidense koning se lewe verander en hý is die profeet in die verhaal

- Hoop uit die mond van ’n magtige koning

# En vandag




**Ons grootste krisis word God se grootste openbaring as ons net getrou sal bly**





Jy kan met moed en hoop
leef in ‘n vyandige wêreld
want die Almagtige God sien
en is teenwoordig

# Geloofsbelydenis & Gebed



# Geloofsbelydenis

- Ek glo in God, wat koninkryke ontmagtig en lewens verander.
- Ek glo in Jesus Christus, wat in die leeukuil van lyding was, maar opgestaan het in sy Almag.
- Ek glo in die Heilige Gees, wat my versterk om te staan — selfs wanneer die wêreld my geloof beproef.
- Ek glo dat God getrou is, en dat ek veilig is in Sy hand.

# Dankoffers



# Flam 310


Hierdie donker uur
wys die skrif aan die muur
en die tekens van die tyd
roep dit uit, roep dit uit:
Wie sal staan, wie sal staan
teen die onheil van die eeu
wie sal kniel
met die hart van ’n leeu?

Net voor U sal ek val
net vir U sal ek staan.
Vir u woord, vir u lig
voor u aangesig.
Ek sal staan, ek sal staan
al sou alles vergaan.
Maar voor U, net voor U,
my God, sal ek val.

En die woorde teen die muur
sê ek staan voor ’n vuur.
Sal ek staan, sal ek val,
sal ek dankbaar deur die dal
steeds net een Naam besing.
En my hart vir U bring
nog in reinheid pleit
vir verandering.

Net voor U sal ek val
net vir U sal ek staan.
Vir u woord, vir u lig
voor u aangesig.
Ek sal staan, ek sal staan
al sou alles vergaan.
Maar voor U, net voor U,
my God, sal ek val.

# Seën



Gaan in vrede om die Here te dien:
Mag die God van Daniël jou geloof versterk, mag Christus jou moed gee om te staan, en mag die Gees jou lei in waarheid en liefde — sodat jy lig kan wees in ’n donker wêreld.